



Bert van Stekelenburg
(Foto: Pieta van Beek)

IN MEMORIAM

ALBERT VICTOR (BERT) VAN STEKELENBURG (31.03.1940 - 11.03.2003)

S Thom & J C Zietsman (Universiteit van Stellenbosch)

Bert van Stekelenburg is op 11 Maart 2003 oorlede toe hy tydens een van sy ornitologiese ekspedisies tussen Antarktika en Patagonië suid van Chile oorboord geval het. Hy word oorleef deur twee broers in Nederland en 'n suster in Frankryk.

Bert is gebore in Eindhoven. In 1965 het hy as onderwyser begin om Klassieke te onderrig aan akademiese hoërskole in Nederland. Nadat hy vir 'n tydperk in Rome navorsing gedoen het, het hy in 1971 'n DLitt et Phil in Klassieke Tale ontvang aan die Universiteit van Leiden met die proefskrif *De Redevoeringen by Cassius Dio*. Naas Nederlands, Afrikaans en Engels was hy ook Duits, Frans, Italiaans en Spaans magtig.

In 1973 het Bert, klassikus en avonturier, op Stellenbosch aangekom, onmiddellik tuis gevoel en by prof Frans Smuts, hoof van die destydse Departement Latyn, gaan hoor of daar vir hom 'n pos was in dié departement. Stellenbosch, waar Bert eers as lektor en senior lektor en sedert 1984 as professor werksaam was, sou vir die volgende dertig jaar, ook ná sy aftrede in 1996, onmeetbare voordeel trek uit die toewyding en betrokkenheid van hierdie hoogs geleerde, uiters begaafde akademikus en mens. Bert het verskeie kere opgetree by openbare vergaderings en kongresse van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika, en het gereeld openbare en privaatinstellings oor Latynse heraldiese leuses geadviseer.

Hy was mederedakteur van die *Tria Saecula*-reeks Latynse tekste met kommentaar in Afrikaans en Engels wat landswyd deur skole gebruik is. Benewens 'n lang lys navorsingspublikasies wat uit sy pen verskyn het, was hy ook outeur van *De Iure*, 'n versameling Romeinse regstekste met kommentaar wat as handboek vir studente in Regslatyn gebruik is.

Bert was in baie opsigte die epitoom van 'n renaissance-mens. Hy het beskik oor 'n byna onmeetbare kennis van sy vakgebied maar het ook omgee vir sy medemens op 'n heel praktiese en onsentimentele vlak deur sy deurlopende betrokkenheid. As voorsitter van die plaaslike Rotariërs was hy bv. instrumenteel tot die stigting van die Hospice op Stellenbosch. Hy was veral 'n fyn en intelligente waarnemer van sy omgewing, van mense, en van die "vogeltjies" wat hy wyd en syd opgespoor het, dikwels op haas onbereikbare plekke soos Guatamala en Nepal. Die pikkewyne van Antarktika was een van die voëlspesies wat hy nie voorheen gesien het nie.

Ons as vriende en kollegas bring hulde aan 'n heel besondere mens wat 'n groot en blywende indruk gemaak het op elkeen van ons se lewens. Ons was bevoorreg om hom te kon ken. Hierdie volume van *Akroterion* dra ons op aan sy nagedagtenis.